

Op ons knieë voor die Here, in die swartste nag.

Teks: 1 Samuel 8: 1 - 10
Teksvers: 1 Samuel 8: 6b

1. Inleiding

Ons tref vanoggend 'n bejaarde man aan in ons teksgedeelte. Ons fokus op die einde van 'n loopbaan as die profeet van die Here. Wat ons sien is egter nie 'n slaak van verligting dat 'n professionele loopbaan verby is nie. Wat ons sien is eerder 'n bekommernis, want dit lyk of die profeet Samuel nie daarin gaan slaag om 'n goeie nalatenskap agter te laat nie. Deel van 'n nalatenskap is 'n geskikte opvolger, iets van die bewys dat my werk so belangrik was dat daar onmiddellik 'n opvolger aangewys moet word.

Maar die opvolgers weeg nie op nie, Samuel sê seuns is nie goeie profete of regeerders oor die volk nie. Hierdie dinge bring vir Samuel in 'n donker moeilike tyd. En dan is dit Samuel se optrede wat ons opval in ons teksvers. Wat doen Samuel in hierdie swart nag. Ons tref ses woorde wat feitlike dieselfde voorkom in al die Afrikaanse vertalings van die Bybel. Samuel het tot die Here gebid. Maar sal gebed genoeg wees in hierdie krisis situasie of moet daar iets ander gedoen word.

Dit is juis hier waar dit ook vir ons baie aktueel raak vandag. Wat doen ons wanneer ons daardie donker oomblikke in ons lewens beleef. Is die antwoord om eenvoudig harder te werk. Beter te beplan en voor te berei of om iets anders en nuut

te probeer. Dalk lê die antwoord op die internet of by een of ander kundige op hierdie gebied. Maar neem ons ook 'n treë terug en wonder of die antwoord nie dalk op my knieë lê nie? Kom ons kniel ook weer voor die Here in gebed vanoggend.

2. Die begin van 'n nuwe Koningstelsel

Ons fokus vanoggend op een van die groot veranderings in die volk Isreal. Op politieke gebied gaan daar verrykende veranderings wees. Die volk sou voortaan nie meer 'n Teokratiese volk wees nie. Sien tot en met hierdie oomblik was regering met die gepaardgaande politieke bestel, presies dieselfde saak gewees. Die Here God almagtige was die Hoof en leier van alles. Maar nou hoor ons daardie bekende uitroep. Iets wat eintlik ewe tuis as 'n koerant opskrif ook vandag sal wees. Ons soek 'n sekulêre regering, losstaande en heeltemal vry van enige geloofs inmenging of ideologie. In vers 4 sien ons die moderne modekant van die volk se versoek: "soos dit by al die nasies is".

Ons kan sê in terme van die theokrasie waar God deur die profete regeer en regsprek het in die oë van die volk misluk. Die rede vir hierdie gevoel word ook duidelik in ons teksgedeelte

geopenbaar. Samuel se seuns was nie soos hy nie, hulle was korrup en kon maklik omgekoop word om regspraak te verdraai volgens vers 3. So nou sien ons die ou menslike reaksie op 'n paar vrot kolle in die sisteem. Vinnig word daar gereken dat die hele sisteem eintlik inherent swak is, en daarom vervang moet word. En dan sien ons dat die volk horisontaal kyk en nie vertikaal nie. Hulle kyk nie op na die Here nie, maar eerder na ander volke om hulle.

Maar met Samuel is dit anders. In ons teksvers kyk hy steeds vertikaal. In hierdie krisis oomblik kyk hy op na die Here. Hy het tot die Here gebid. Want Samuel weet dit is waar die antwoord lê. Die wêreld kan nie wag om die Here en die kerk eenkant na die kantlyn toe te skuif nie. Om eie mensgemaakte idees en planne as beter en meer volhoubaar te beskou, maar ons moet tot die Here bid.

3. 'n Persoonlike aanval

Vir Samuel in ons teksgedeelte is die aanval baie persoonlik. In sy oë, is dit nie Hy persoonlik wat verwerp word deur die volk. Dit is die gevaar wanneer 'n mens se nalatenskap die verkeerde prioriteit in jou lewe kry. Wanneer jou eie ek en impak op samelewing. Wanneer dit wat jy vir nageslagte sal nalaat die hoogste prioriteit in jou lewe kry. Samuel het die profeet en regering amp aan sy seuns oorgelaat. Ongelukkig het waarskynlik nie genoeg aandag aan hulle geloofsopvoeding

gegee nie. Hulle het duidelik nie respek vir die Here en die profeet amp gehad nie. Nou gaan dit verander.

Maar die saak kan ook van 'n ander kant beskou word, iets anders gebeur ook wanneer die Here en die kerk nie meer die hoogste prioriteit in ons lewens het nie. Dan beweeg ons verder en verder weg. Dan wanneer die kerk aangeval word en kritiek moet verduur, voel dit vir ons so ver. Dit is nie my persoonlike saak nie. Hulle moet dit maar daar ver uitsorteer en my nie pla nie. Is dit nie dikwels die reaksie op 'n krisis in die kerk nie? Of selfs die erger reaksie om te saam met die kritici die kerk te begin aanval nie.

Maar uiteindelik is die antwoord nie om persoonlik aangeval te voel nie. Want dit is eintlik maar net weer 'n manier waarop die mens homself in die middel van alles plaas. Want wie eintlik aangeval word wanneer die kerk en die profesie of Woord van die Here aangeval word, is die Here self. En dit is baie moeilik om opreg te bid wanneer ons eintlik besig is om die Here aan te val, of te minste toelaat dat dit gebeur. Die antwoord, selfs midde krisis is altyd om die aandag en fokus van ons onself af te haal en te draai na die Here alleen.

4. Die ewige koning se liefde

Ons teksgedeelte eindig vanoggend met die begin van die waarskuwing aan die volk oor die koning se regte. Ons hoef ook vandag nie ver rondom

ons te kyk om te sien hoe regeerders vandag nog maklik hulle mag misbruik nie. Ons teksgedeelte vanoggend herinner ons die gebruik in Romeine 1:24-28 en Spreuke 5:22 waar die Here mense wat volhard in hulle sonde oorgee aan die sonde. Uiteindelik vernietig die mens homself dan in die sonde. Ons weet dan uit die res van die Bybel dat 'n string slegte konings in Israel gevolg het.

Maar God is ook genadig. Hy beloof ewige troon opvolger op die Dawidstroon. En dan stuur die Vader die volmaakte koning om vir ewig op die Dawidstroon te kom regeer. Hy wat nie Sy bonatuurlike mag kom misbruik nie. Nee Hy wat kom dit tot aan die uiterste toe. Ons Here Jesus Christus. 'n Koning wat heeltemal ander as enige ander koning of regeerder hier op aarde is. Omdat dit natuurlik die koning is wat God self is.

Wanneer Christus kom vir ons sonde kom sterf aan die kruis, kom breek Hy die grens af. Daardie grens wat die sonde geskep het, waarin ons nie kon bid nie. Soos ons vroeër ook al verwys het na die struikelblok in 'n worsteling met God. Christus kom herstel die verhouding met God ons hemelse Vader. Nou kan ons bid. Maar in gebed kan ons ook versterk word om te gaan dien. Om liefde te gaan bewys aan ons naaste. Ons kan uiteindelik ook ons naaste leer dat selfs in die donkerste krisis lê die antwoord steeds in gebed.

5. Slot

Ons kan afsluit met die volgende opsomming. Ons het vanoggend gefokus op 'n waterskeidende gebeurtenis in die lewe van volk. Ons het gefokus op die tydperk waar die volk versoek om die heerskappy van God self te verruil vir 'n aardse koning. Ons het gesien dat selfs al het Samuel afgetree is dit iets wat hom baie diep ontstel. Ons sien hoe hy hierdie verwerping tot hom as mens self aantrek. Dit is die krisis waarin Samuel persoonlik verkeer. Die krisis waarin die volk verkeer is nou nog net 'n waarskuwing wat later 'n werklikheid sal word, wanneer slegte konings begin regeer.

En alhoewel alles wat ons vanoggend bespreek het so ver kan klink, is dit nader aan ons as wat ons dink. Wêreld wyd word die krisis wat ontstaan het uit 'n suiwer neutrale sekulêre regering duideliker. Die bose het nie op hom laat wag op hierdie valse neutrale gebied oor te neem nie. Om uiteindelik met boosheid en geweld sy eie koningryk te bou.

Maar uiteindelik lê ons antwoord ook vandag in die optrede van Samuel. In ons swartste donkerste krisis oomblikke is die plek waar ons moet wees, op ons knieë voor die Here. Ons moet oor niks besorg wees nie, maar laat ons ons begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God, soos Fillipense 4:6 ons leer. Gebed bly die asemhaling

van ons geloofsluwe, wanneer dit
afwesig word versmoor ons geloof
stadigaan. Gebed moet alleen in my
binnekamer plaasvind. Maar ook
korporatief hier in die gemeenskap van
die gelowiges. Laastens moet ons ook
altyd gereed wees om 'n gebed enige
plek in die publieke omgewing te doen.
Maar uiteindelik is gebed juis iets wat
ons nie moet agterlaat wanneer dit
swaar en moeilik gaan nie. Want selfs
in ons donkerste, swaarste krisis, is die
antwoord op ons knieë in gebed voor
die Here

Amen